KONVENT VIR EENHEID

NOTULE : UITVOERENDE KOMITEE : 11 APRIL 2005
TE PORT ELIZABETH

1. OPENING

Die voorsitter, ds Hansie Schutte, heet almal welkom. Dit is die geleentheid waar die UK in Port Elizabeth vergader.

Hy lees uit Joh 17:13-23 en praat oor die implikasies van Jesus se gebed om eenheid. Lede van die vergadering gaan voor in gebed.

2. PRESENSIE

2.1 **NGK Oos-Kaapland**: Hansie Schutte, Chris van Wyk, Schalk du Toit, Danie Mouton.

2.2 **VGK Kaapland**: Pieter Grove, Lucas Plaatjie, Mary-Ann Plaatjies, Themba Nyatyowa, Averell Rust, Eddie Ngeva, Alfred Dyasi, Dirk Heyneman.

2.3 **NGK Wes-Kaapland**: Hannes Koornhof, Coenie Burger, Hannes Theron, Monty Sahd, Braam Hanekom, Ben du Toit.

2.4 **Verskonings**: Geen, die vergadering is voltallig.

3. VASSTELLING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die volgende bykomende sake word op die sakelys geplaas:

By pt 7.1 Bosberaad – VGK
By pt 7.2 Streekskonvente

4. NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS

4.1 UK 30 Julie 2004 te Stellenbosch

Besluit: Goedgekeur.

4.2 UK 1 Desember 2004 te Schoemanshoek, Oudtshoorn

Besluit: Goedgekeur.

5. SAKE UIT DIE NOTULES

5.1 Eietydse kommentaar - Belydenis van Belhar - Piet Naudé (Notule 2004-07-30 pt 5.1)

5.1.1 Kennis geneem dat die kommentaar nog nie gefinaliseer is nie. Die saak staan oor.

5.2 Toestemming aan Streeksinodes vir groter eenheid - Hannes Theron en Pieter Grove (Notule 2004-07-30 A pt 5.6)

5.2.1 **NGK**: Hannes Koornhof rapporteer. Die Algemene Sinode het in sy besluit oor kerkeenheid die beginsel aanvaar dat sinodes wat pad van eenheid wil loop, dit kan doen.

5.2.2 **VGK**: Pieter Grove rapporteer. Die saak is deur die Sinodale Kommissie Kaapland bespreek. Geen besluit is hieroor geneem of ‘n mandaat verskaf nie. Daar is onsekerheid of dit die regte roete is om in te slaan. By die ASK het die saak nie aan die orde gekom nie, aangesien die besluit van die NGK AS

2004 die debat heeltemal oorheers het. Die aanbevelings van die Konvent is wel opgeneem in die verslag wat later vanjaar voor die VGK AS sal dien. Daar is egter kommer dat die uitvoering van hierdie besluit die VGK Kaapland van die res van die VGK sal vervreem. Dit is problematies om die beginsel goed te keur sonder om die praktiese aspekte daarvan uit te spel.

5.2.3 **Besluite**:
1. Die VGKSA word versoek om die bespreking en besluite by die komende AS nie in isolasie van die NGK lede van die Konvent te neem nie. **Motivering**: Die NGK het sy AS 2004-besluit oor kerkhereniging in isolasie van die VGKSA geneem. Dit is ‘n duur les.
2. Die Konvent 2004 het ‘n model van een kerk met dubbele lidmaatskap aanvaar. Hannes Theron en Pieter Grove word versoek om die riglyne vir so ‘n situasie vir die UK daar te stel. Hulle sal ‘n groter groep koöpteer om oor die riglyne te help dink.

5.3 Taakspan vir Kerkhereniging - Chris van Wyk en sinodale verteenwoordigers (Notule 2004-07-30 pt 7)

5.3.1 Kennis geneem dat die Taakspan het op 15-16 Maart 2005 te Zikomo, Die Strand, vergader het. Die verslag dien by punt 6.

5.4 Status : aanklag van kettery - Mary-Anne Plaatjies en Temba Nyatyowa (Notule 2004-07-30 pt 8)

5.4.1 Mary-Ann Plaatjies verskaf ‘n dokument getiteld **Die amptelike besluit van die VGK rondom die kettery klag rondom apartheid en die rol en status van die NG Kerk**. Die teologiese regverdiging van apartheid is as ‘n kettery beskou, maar daar is nooit ‘n direkte klag teen die NG Kerk as sodanig ingebring nie. Haar dokument is van twee aanbevelings voorsien:
Aanbevelings:
1. Die UK van die Konvent versoek die Algemene Sinode van die VGKSA om met inagneming van die WARK en SARK se besluite en die VGKSA se goedkeuring aan die opneem van die NGK in genoemde ekumeniese liggame ‘n duidelike besluit te formuleer mbt die VGKSA se eie standpunt tov die kettery klag rondom apartheid en die rol en status van die NG Kerk.
2. Motivering: Op prakties teologiese wyse is ons besig om kommissievlak, ringsvlak, gemeentevlak te verenig en selfs op ekumeniese vlak saam te werk en behoort daar vir eens en altyd klaarheid gekry te word mbt die stand van die ketteryklag.

5.4.2 Themba Nyatyowa lê ook ‘n skriftelike verslag voor, wat van die volgende aanbevelings voorsien is:
Aanbevelings:
1. The meeting take note of the information brought tot he table;
2. In the light of the historical information, it is acceptable that URCSA is the legal owner of the charge of heresy as was handed in by the DRMC at the World Alliance of Reformed Churches (WARC - http://www.warc.ch/dcw/bs25/09.html).
3. URCSA is friendly requested via its General Synod to pay urgent attention to this matter so as to determine
3.1 whether the DRC has met the requirements as put by the WARC.
3.2 Is the case still pending or not?
3.3 If the charge has not been receded, what support can the URCSA give tot he DRC in order to help that the case be finally and satisfactorily put to rest.
3.4 If the case has been finalized, what documentary proof can be revealed with respect to date, time, place and the way it was handled and completed.

5.4.3 **Besluit**: Die vergadering aanvaar die twee aanbevelings en versoek die VGK moderamen om dit aan die VGK Algemene Sinode voor te lê.

5.5 Navorsingspan: Ondersoek insake restitusie (Notule 2004-12-01 pt 3)

5.5.1 **Besluite**:
1. Die Navorsingspan is nog nie volledig aangewys nie en die VGK en NGK Oos-Kaap word versoek om die besonderhede aan die skriba deur te gee. Dr Chris Jones is die Wes-Kaapse verteenwoordiger.

2. Die navorsingspan bepaal hoe die drie kerke saam versoening, geregtigheid en restitusie verstaan. Hoe informeer ons gesamentlike verstaan van hierdie basiese konsepte die prosesse wat ons vorentoe onderneem?

5.6 Begroting 2005/6 - moderators en saakgelastigdes (Notule 2004-12-01 pt 6)

5.6.1 Die saak staan oor.

6. VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN VIR KERKHERENIGING

6.1.1 Dr Chris van Wyk dra die verslag van die Taakspan vir Kerkhereniging aan die vergadering voor. Die kern daarvan is ‘n voorgestelde proses van *Appreciative Inquiry* (AI) wat op verskillende vlakke deur die deelnemende kerke onderneem word. Indringende bespreking word gevoer.

6.1.2 **Besluit**: Hoewel die vergadering in beginsel positief oor die verslag voel, wil die lede self deur die proses van waarderende navraag gaan om ‘n oordeel daaroor te vel. Die ontwerpers van die proses kry by die volgende UK vergadering geleentheid om die vergadering deur so ‘n validerende proses te neem.

7. ANDER SAKE VIR BESPREKING

7.1 Bosberaad – VGK

7.1.1 Terugvoer word van verskillende lede ontvang. Kort verbatim-aantekeninge oor enkele opmerkings word vervolgens verskaf.

7.1.2 Pieter: Die deelnemende kerke sal moet leer om saam te huil voordat hulle die pad verder met mekaar kan loop. Die soeke na ‘n positiewe kern van AI is net een deel van ‘n groter proses.

7.1.3 Averell: Die probleem met die bosberaad was dat dit met ‘n vergadering gekombineer is.

7.1.4 Themba: Die VGK-versoek om gesprek oor versoening, geregtigheid en restitusie by die Bosberaad is oorgeneem deur ‘n gesprek oor kerkhereniging. Ons is nie ernstig geneem nie. As ons by die Bosberaad deur ‘n AI-proses kon gaan, sou dit beter wees. Ons blootstelling van onsself aan ander is deur ‘n besigheidsvergadering daarna net geïgnoreer. Ek is ontnugterd daar weg.

7.1.5 Mary-Anne: Die VGK bestaan uit uiters gemarginaliseerde mense. AI mag ‘n eerstewêreldse metode wees. Die VGK het nie deelgeneem aan die Waarheid- en Versoeningsproses nie. Ons het as NGSK en NGKA nodig om te huil teenoor mekaar en ons NGK broers en susters. Daar is honderde stories van mense wat nog geheel is nie. Insette van VGK-lede word dikwels nie waarderend genoeg genotuleer nie. Indien die NGK nie opmerkings van die VGK-lede, al is dit sydelings, wat herhaaldelik gemaak word ernstig opneem nie sal daar nie groei in ons verhoudinge wees nie.

7.1.6 Eddie: Die vraag ontstaan in die Xhosa-kringe of die roete om met die NGK te verenig die regte pad is. Tydens terugvoer oor die verenigingsproses deur Lucas en Eddie het nie een swart leraar opgedaag nie. Twyfel bestaan of NGK-lede regtig die pyn verstaan. Wat beteken dit dat ons lewens ten diepste verkrag is? Mense was ontwortel van plekke waar hulle goed gevaar het, en is na tuislande gestuur waar hul gesterf het. Die NGK het sy bes gedoen om dit te bevorder. Onthou dat die kerklike eiendomme nie op die kerk se naam se geregistreer kon word nie. Eiendomme vir gebruik deur die NGKA is deur die NGK in trust gehou, en van daardie eiendomme het verdwyn, bv in Cofimbaba. Toe ek van Oudtshoorn gekom het, het ek gesê nooit weer ‘n bosberaad – ek sal my tyd mors. Ons ken mekaar nie, en ons sal op hierdie pad moet gaan.

7.1.7 Lucas: Na die bosberaad het ek besef my verwagtings het glad nie gerealiseer nie. Ons het nie gedeel en toe ‘n pad vorentoe ontdek nie. Ander lede van die VGK het dit ook so beleef: geen vrugbare resultate. Die vergaderings is soms aangenaam, maar geen vrugbare resultate. Beleef dat ons kerke ‘n goeie teologie het, maar nie kontekstueel-relevant. Die kerke beweeg nie vorentoe nie. Die VGK-lede wat met die NG Kerk saamwerk (Moderatuur VGK Kaapland) is verdag is hul eie

gemeenskap. Lyk of ons aan die ervaringe van die verlede wil ontsnap, en in die toekoms inspring. Dit is ‘n negering van die realiteit, wat bestaan uit verlede, hede en toekoms.

7.1.8 Alfred: By die bosberaad moes ons praat oor dinge wat seergemaak het. Ek het gevra: Wat het ons aan julle gedoen, wat meebring dat ons so moes ly onder julle as wit NG Kerk. My gespreksgenoot het gesê hy weet nie wat nie. Daar is baie vakante gemeentes in die Oos-Kaap – die probleem is geld. As ons oor gelykheid moet praat, moet ons ook oor geld praat. In die Transkei was daar nie geld vir swart leraars se ondersteuning nie, maar wel vir baie duurder wit leraars. Is the problem the color of my skin? – I am not prepared to apologize for that. Am I too black to be recognized as a human being? I am not concerned about the white government of old – I am concerned about my church – the white NG Kerk. That is why the money from the NGK is closed to us.

7.1.9 Dirk: In 1978 net voor die NGSK-sinode deel geword van die kerk. As blanke was jy doodgemaak met die oog omdat jy wit was. Die wit sendelinge het toe die sweep geklap. Ek het dubbele lidmaatskap gehad. Toe het ek mense begin hoor, hulle gevoelens ervaar en hul pyn beleef. Die NGSK is ‘n seer kerk sonder vreugde en blydskap. Dit het my ‘n nuwe mens gemaak. Drie dinge om VGK te verstaan: kwaad, wantroue en moegheid. VGK-mense is kwaad – as jy iets wil hê, uit slawetyd, sit jy jou mooi gesiggie op maar as jy wegdraai sê jy jou donner! Iets wat van wit kant kom, maak jou kwaad, want jy is seer-kwaad. Hy gaan ‘n mooi glimlag gee, maar as rugge gedraai word is dit ‘n ander storie. VGK-lidmate wantrou die NG Kerk weens seer dinge – moet eers uitgepraat en reggestel word. Moegheid – nie lus vir een-word, hulle het nie ‘n visie nie. Dis nie droom-mense nie – as jy honger is, droom jy nie oor kos – jy soek kos. Sal ‘n opdrag volg, maar het nie ‘n visie van hoe lyk daardie kerk eendag nie. Moet kan sê hoe die ding gaan lyk. Die taakspan is met positiewe dinge besig, maar dit moet eers onder die leierskap begin – ons moet die proses self volg. Anders kan ons nie vir kerk leiding gee.

7.1.10 Hannes: ons het dan mekaar se tyd by die bosberaad gemors, want ons het dit saam beplan.

7.1.11 Hansie: ons manier van dink en doen verskil. Ek is ook ontnugterd daar weg.

7.1.12 Pieter: Ons is nie in ‘n beskuldigingsmodus nie – ons evalueer prosesse soos ons die ervaar. Antjie Krog – hoekom het apartheid ontstaan? Die Afrikaner, met sy kerke, het apartheid so fanaties toegepas omdat hulle nooit die lyding van die Anglo-Boereoorleg te verwerk nie. Gryp toe na die eerste beste droom wat eintlik ‘n nagmerrie was. ‘n Onvervangbare noodsaaklikheid dat jy deur jou verlede moet werk. Moenie verlede en toekoms teenoor mekaar stel. Ons kan nie by NGK behoeftes inval terwyl ons met onbeantwoorde behoeftes sit nie. Bottom-line is: hoe bou ons ‘n nuwe droom op ‘n fondasie van ongeregtigheid? Armoede, gebrek aan personeel in oorlewingstryd is ‘n direkte uitvloeisel van die NGK se beleid. En nou moet ons vertrek van punt dat dit afgeslote hoofstuk is. Ek moet nog elke dag saamleef met die gevolge van daardie beleid. Hoe kan ons dit skeppend hanteer dat dit ons kan vrymaak?

7.1.13 Chris: Gesprek oor restitusie is op die terrein van die taakspan vir kerkhereniging om die problematiek te ondervang. Die onbehae met die bosberaad het te make met die healing of the memories proses. Dit vat mense nie maklik vorentoe nie. Die AI-proses bring energiepunte na vore om die verlede te kan hanteer. Ons het proses nodig waar ons nie uitmekaar gedryf word nie, maar wat ‘n raamwerk skep waarin ons een kan word.

7/.1.14 Themba: 10 jaar gelede toe die NGK die inisiatief geneem het tov vereniging het ek gesê NGKA het in 1975 so ‘n voorstel gemaak. Die NGK het, soos gewoonlik, nie daarna geluister. As usual they had answers. When proposals came from the NGK the others would not say yes. The other churches became suspicious of the NGK. We need to ask questions. Time has come to tell our brothers what we think of them. That era has come. Where are we now as black churches – something else has happened. This has led us into an era where we ask shall we believe them? The Moderamen of the General Synod of the URC said the agenda fort he consultation on shall be based on the Belhar, reconciliation, justice and restitution. Should we not discuss reconciliation, justice and restitution and jump to other issues of unity. We can take hands and that can happen if we give heed to one another. To build a beautiful house for people who are not equal is not correct. Beautiful from outside. When you enter you see a different thing. Reason why people say we would rather unite with other reformed churches. If you push unity without considering existing problems we will sit in a house where the

status quo is continued – NGK on top, URC beneath with hands open to NGK. How can you unite knowing you will remain a slave in the beautiful house.

7.2 Streekskonvente Oos-Kaap

7.2.1 Ds Lucas Plaatjies rapporteer dat die SK van die VGK Kaapland die versoek om die gesamentlike beplanning van streekskonvente met die NGK Oos-Kaapse moderatuur in die Oos-Kaap goedgekeur het. Di Lucas Plaatjie, Eddie Ngeva en Alfred Dyasi is die gevolmagtigdes.

8. KORRESPONDENSIE

Geen

9. VOLGENDE VERGADERING

9.1 Die volgende vergadering vind te Belhar plaas aangesien die VGK die leiding neem.

9.2 Die vergadering word beplan om oor twee dae te strek, en word op die tweede dag met middagete afgesluit.

9.3 Die skribas ontvang opdrag om die datum te bepaal.

9.4 Die taakspan vir kerkhereniging sal ‘n *Appreciative Inquiry*-proses tydens hierdie vergadering lei.

10. AFSLUITING

10.1 Hannes Koornhof sluit die vergadering met gebed af.